# “Nuwe wyn in nuwe sakke en die behoud van altwee”: ’n Herbedinking van die Hervormde Kerk se identiteit aan die begin van die 21$^{e}$ eeu in Suid-Afrika

**Johan Buitendag**[1]
**Departement Dogmatiek- en Christelike Etiek**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**“New wine in new skins and the conservation of both”: Rethinking the identity of the Hervormde Church at the beginning of the 21st century**
***This contribution consists of three sections. The first represents a homiletic speech that served as the inauguration address of the “National Colloquium” of the Nederduitsch Hervormde Church in April 2006. The second is a memorandum aimed at describing the church’s identity, ethos and relevance in the present-day South African context. This memorandum was initially compiled by the author, sanctioned by the church’s executive council and endorsed at the “National Colloquium”. The third section represents the Colloquium’s final declaration of intent based upon the memorandum.***

## 1. ’N HOMILETIESE REDE GEBASEER OP MATT 9:14-19

Matteus kontrasteer in hoofstuk 19, verse 14 tot 19 die *nuwe* met die *oue*. Wat dit presies behels, besef hy klaarblyklik nie eers regtig self nie (vgl Schweizer 1976:227). Wat wel vir hom duidelik is, is dat *Jesus* hierdie verandering teweeggebring het. Dit dui hy aan met die kwessie van *vas*. Die vraag is:

---

[1] Johan Buitendag, Professor in Dogmatiek en Christelike Etiek, is voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA). Hierdie artikel het gedien as die openingsrede van die NHKA se “Nasionale Colloquium” wat plaasgevind het op 27 April-29 April 2006 by die Hammanskraal-kampus van die Universiteit van Pretoria. Die openingsrede is gebaseer op Matteus 9:14-19 en spesifiek Jesus se woorde: “’n Mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en so behou jy altwee.”

waarom het Jesus en sy dissipels nie soos Johannes en sy volgelinge gevas nie? Die antwoord wat Matteus vir ons deur die mond van Jesus aanbied, is dat vas by ’n rou en klae oor die bose pas, maar noudat Jesus gekom het, is dit eerder soos vreugde by ’n bruilof. Vas is hier totaal onvanpas. Jesus se koms is nie net bloot te vergelyk met ’n nuwe stuk lap op gehawende klere of goeie wyn in verslete sakke nie. In albei gevalle vernietig dit die bestaande. Daarvoor is Jesus se koms eenvoudig net te radikaal. Dit het die ordes kom omkeer. Die koninkryk van God (ek verkies om liewers van die *heerskappy* van God te praat) kan nie gekompromitteer word asof dit net maar nog ’n verskynsel in die samelewing is nie (vgl Malina & Rohrbaugh 2003:60). God alleen kan dit teweegbring. Die inhoud van die koninkryk is immers Jesus self. En dit word ook nie verwerf nie, maar in genade ontvang (kyk Matt 25:34).

Dit is inderdaad moontlik om te sê dat die uitdrukking “nuwe (νέον) wyn in nuwe (καινούς) sakke” beteken dat die “nuwe wyn” na die verkondiging van die heerskappy van God verwys, soos beliggaam in die lewe en werk van Jesus (vgl Mark 1:27 se “nuwe leer” en Luk 22:20 se “nuwe verbond”) en dat die “nuwe sakke” weer die vorm of konteks is waarin hierdie waarheid uitgedruk vorm. Die oomblik wanneer hierdie *nuwe* in Christus dus misken word, of die andersheid van ’n *nuwe* situasie geminag word, tree verderf vir sowel die boodskap as vir die omgewing in. Alleen deur álbei nuut te maak, sê Matteus in ons teksvers, “behou jy altwee”. Uiteraard sal daar mense wees wat meen dat die oue beter is, soos die parallelle gedeelte in Lukas (5:39) inderdaad ook suggereer. Jesus se woord in die direkte voorafgaande vers (5:38) is egter onomwonde duidelik: “nuwe wyn *moet* in nuwe velsakke gegooi word”.

Die eerste Christene was dus reeds gekonfronteer om die hart van die evangelie in hulle situasie te *kontekstualiseer*. Hierdie pogings sien mens reeds in die jongere geskrifte van die Nuwe Testament raak. Die basiese belydenisse, sou ons kon sê, is vir die betrokkenes hierdeur opnuut verpak. Dit is opvallend, meen iemand soos Richard Longenecker (1999), dat so ’n basiese of kernbelydenis in ’n nuwe situasie telkens beide terug en vorentoe gryp, tegelyk die misterie van God openbaar en verberg, troos en terselfdertyd vermaan. Ons lei dus af dat Jesus in verskillende situasies, telkens weer opnuut verstaan is. Soos byvoorbeeld dieselfde soort plant wat in verskillende omgewings verskillend ontwikkel en gedy – na soort dieselfde, maar in voorkoms tog verskillend.

Wat uiteraard baie duidelik moet wees, is dat die Nuwe-Testamentiese skrywers die oortuigings wat in die nuwe situasie behoort te spreek, as *normatief* vir die Christelike leer en lewe geag het. Die kontekstualisering van hierdie inhoud is dus alleen relatief tot bepaalde veranderlikes van die hier en

nou. Hierdie vasstaande oortuigings kan as (kern-)belydenisse bestempel word wat telkens op ’n nuwe manier ingeklee word. Ons kan selfs nog ’n tree verder gaan en sê dat die manier waarop Nuwe-Testamentiese skrywers hierdie inhoud gekonkretiseer het, aan ons vandag bepaalde riglyne bied hoe ons die heil in Christus in óns situasie sou kon her-kontekstualiseer.

Maar kom ons illustreer dit eerder. Wanneer Paulus in I Korintiërs 15:3 sê dat hy aan die Korintiërs *oorgelewer* het wat hy ook self *ontvang* het, hoor ons duidelik in die agtergrond ’n belydenis (ὁμολογία) wat vir die Korintiese situasie toepaslik gemaak word (vgl Pelser 1997:1246-1247; 1999:421).[2] Die Grieke in die Korintiese gemeente, met hulle Platoniese invloede, het immers gedink dat ’n liggaamlike opstanding vir gewone, aardse mense eenvoudig net ónmoontlik was. Paulus speel daarom belydenismatig hierop in:

[Ons glo] Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte;
[Ons glo] Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.
[Ons glo] Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf.

Elemente van hierdie belydenis kan byvoorbeeld ook gekontekstualiseer word in onder andere gesange en ander geestelike liedere (vgl Ef 5:19-20). Maar Longenecker sê daar is duidelik *drie* ratte in hierdie ratkas. Aanvanklik is daar die basiese of kernelemente van God wat in die geskiedenis inkom en wat red; tweedens word hierdie oortuiging reeds in die Bybel self toepaslik gemaak, en in die derde geval moet ook elke gelowige dit in sy of haar eie tyd gestalte gee. So sou iemand wat in die tyd van die modernisme geleef het en die werklikheid verstaan as ’n geslote sisteem van oorsaak en gevolg omdat natuurwette kwansuis alles bepaal, in die gees van die “derde rat”, die werklikheid van Jesus se opstanding waarskynlik bevestig sien in die “feit” dat die verkondiging van Jesus, na soveel eeue, steeds voortleef.[3] Ons egter, wat ná hierdie tyd lewe, weet ook dat die wetenskap lankal nie meer die werklikheid as so ’n geslote geheel beskou nie en dat niks koud en objektief verstaan of selfs geken kan word nie. Die werklikheid is méér as net dit wat ék my kan voorstel of kan bedink. Daarom word die opstanding van Jesus vandag ook anders uitgelê. Die verskil tussen ons postmoderne wêreld en die moderne wêreld is eenvoudig net te groot. Vandag sal ek die opstanding

---

[2] Vir die dialektiek tussen πιστεύειν (*credo*) en ὁμολογεῖν (*homologia*) sedert die Nuwe-Testamentiese periode, kyk Conzelmann (1968:82; vgl Conzelmann & Lindemann 1980:110).

[3] ’n Mens sien nogal iets hiervan raak by Rudolf Bultmann (1964:42) se eksistensiale interpretasie van Jesus se opstanding.

byvoorbeeld baie meer kosmies verstaan en (soos Moltmann 1994:83) vanuit ’n *ekologiese* Christologie wil interpreteer.

Met ander woorde, die vraag is nou hoe hierdie brug tussen die destydse belydenis en die situasie van vandag gespan behoort te word. Inderdaad bestaan daar verskillende opsies hoe hierdie kwessie in terme van die teologiese hermeneutiek deur die eeue aangepak is. In kort, meen ek, kan mens sê daar is drie hoofopsies, elk met ’n eie variasie. ’n Mens kan óf volstrek by die *openbaring* begin óf by die *situasie* óf, uiteraard, by ’n *kombinasie* van *openbaring* en *situasie*. Die eerste opsie begin dus by die evangelie, dit wil sê by die kernbelydenis, en poog om dié belydenis oor te dra en te vertaal in die taal en kultuur van hedendaagse belydende gelowiges. Die tweede opsie begin met die kontekstuele ervaring en simbole van ’n bepaalde groep mense en probeer aantoon hoedat die evangelie daarby aansluit en ook verryk.

Die opsie in teologiebeoefening waarvoor ek kies, verteenwoordig ’n dialektiese wisselwerking tussen die twee opsies, terwyl ek die vertroue het dat God die bron en krag van hierdie hermeneutiese proses is. Dit gaan vir my dus om ’n organiese aanpak van die saak. Hiermee bedoel ek dat daar voortdurend gevra word na die evangeliese eis van God se Woord terwyl die veranderlikes in die samelewing – en wat meer is, jouself ook – in die verstaansproses geïntegreer word. So ’n wisselwerking is daarom soos ’n metafoor: dit breek horisonne oop; dit betrek die self as rolspeler in die hermeneutiese verhaal – boonop selfs as regisseur; dit verras; dit is onvoorspelbaar; dit dwing ’n beslissing af; ja, dit skep ’n nuwe werklikheid (kyk veral McFague [1975] 2002). Uiteraard is dit altyd ook ’n beskeie hermeneutiese onderneming! Naas die ooreenkomste, het Thomas Aquinas ons ook op die verskille gewys wanneer twee sulke uiteenlopende sake in verband met mekaar gebring word.[4] Daar is dus slegs ’n proporsionele analogie moontlik. So is die saad minder volkome as die plant wat daaruit voortkom en die energie in die son is weer soveel meer as die hitte wat ons beleef. Daar is dus altyd (volgens Paul Ricoeur 1976:45-69) ’n surplus van betekenis wat nie onder woorde gebring kan word nie. Dit is waarom ons kan sê dat God self, juis ook in God se openbaring, verberg word. Ons ken God maar net ten dele. Dit maak mens altyd nederig voor en uiteraard ook afhanklik van God.

---

[4] Die Vierde Lateraanse Konsilie van 1215 het hierdie beginsel treffend geformuleer: Die ooreenkoms tussen Skepper en skepping kan nie raakgesien word tensy ook die nog groter verskil opgemerk word nie.

Die hart van die belydenis soos ons dit uit die Skrif kry, is die verlossing wat God vir die wêreld in Christus bewerk het. Ook Martin Luther (in Jaroslav, Oswald & Lehmann [1974] 1999) het op grond van Psalm 32:2 en Romeine 4:6-7 die verlossing so verstaan dat die herstelde verhouding tussen ons en God deur Christus se geregtigheid teweeggebring is en daarom vir ons ’n *vreemde geregtigheid* is. Chrístus is ons geregtigheid. Sý gehoorsaamheid is die grond vir die kwytskelding en vergifnis van al ons sondes. In Christus het ons dus alles. Paul Tillich (1987) wil hierdie saak dan ook graag die “Protestantse Beginsel” noem. Ongeag die situasie, loop hierdie “beginsel” soos ’n goue draad deur die teologie van en sedert die Hervorming. Die situasie mag verander, maar hierdie inhoud staan vas. Vandaar ook Tillich (1987:74) se bekende uitspraak, te wete “Religion is the substance of culture, culture is the expression of religion.”

Hierdie “beginsel” vorm die hart van die Christelike geloof en belydenis wat telkens in elke situasie nuut uitgedruk moet word. Alreeds in 1 Petrus 3:15 vereis die evangelie van ons dat ons altyd gereed behoort te wees om te getuig van die hoop wat in ons leef. Ons kan hierdie “beginsel” ook die *identiteit* van die Christelike kerk noem. Hier lê ons unieke vesel wat ons weliswaar *in* die wêreld plaas, maar nooit van die wêreld maak nie. Ons eendersheid met die wêreld is tegelyk ook ons andersheid. En hierdie spanning durf ons nie mis nie! Ons kan immers so anders as die wêreld raak dat ons ons in kloosters terugtrek, en ons kan aan die ander kant ook weer so eenders met die wêreld raak dat ons maar net bloot nóg ’n sosiale instelling van die samelewing is. Alleen as ons albei hierdie randstene kan vermy, kan ons ons Christelike identiteit behou en relevant vir ons tyd wees. Die evangelie moet met ander woorde voortdurend *her*kontekstualiseer word. Maar nooit mag dit op so ’n manier geskied dat die spanning van eendersheid en andersheid opgehef word nie.

Hierdie hermeneutiese proses vorm ’n dialektiek wat myns insiens met oorgawe gehandhaaf behoort te word. Gebeur dit nié, word die simboliese universum (dinge van God) met ’n sosiale universum (dinge van die wêreld) verwar.[5] Dit gebeur wanneer die kultuurgoed in die sentrum te staan kom in plaas van die heilsgoed. Dan gaan dit eerder om Jerusalem as om God. Ek

[5] Die dialektiek tussen “simboliese universum” en “sosiale universum”, en die kritiese prioriteit van eersgenoemde bo laasgenoemde, word deur die godsdienssosioloog Peter Berger (met

wil dit kategories stel dat slegs 'n radikale *bekering* 'n mens van so 'n versoeking en verwarring kan bevry. Dionysios die Areopagiet (kyk Brümmer 2005) het die gelowige se reis na God in drie fases verdeel: *purificatio* (suiwering), *illuminatio* (verligting) en *unio* (vereniging). In ons Protestantse tradisie herken ons dieselfde driedeling in die Heidelbergse Kategismus se onderverdeling in sonde, verlossing en dankbaarheid. Die eerste fase van berou en selfverloëning lei na die verlange om, soos in die geval van die verlore seun, as "huurling van God", die wil van die Vader te gaan doen, en eers dan, in die derde instansie, bring die reis jou by 'n verenig-met-God-lewe. Hierdie groei, sê Bernard van Clairvaux dan ook, is soos die beweging van die voetkus af, verby die handkus, tot by die mondkus van Christus.

Dit wil, helaas, vóórkom of dit in die geskiedenis van die NHKA wel al gebeur het dat hierdie spanning vervaag het. Laat ek met een voorbeeld volstaan. Met die stigting van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Sabie (kyk Bartmann 1985) op 23 November 1935, het die destydse voorsitter van die Ring van Lydenburg, ds A J Barger, die prediking waargeneem na aanleiding van twee sinsnedes uit Genesis 37:15-16, te wete "Wat soek jy?", asook, "Ek soek na my broers." Hy het sy gedagtegang toe soos volg ontwikkel. Die seuns van Jakob het die vee by Sigem opgepas en Josef word deur Jakob daarheen gestuur om na die welstand van sy seuns te gaan verneem. Josef vind sy broers egter nie by Sigem nie. Op sy vraag aan die mense waar sy broers dan is, word aan hom gesê dat hulle in Dotan is. Ds Barger interpreteer die teks dat Josef 'n skaduwee van Christus was wat Christus se opsoekende liefde vergestalt het. Die opdrag is nou om die Hervormers in Sabie en omgewing te gaan opsoek, al is daar reeds 'n

---

Thomas Luckmann as mede-outeur) in onder andere sy boeke *The social construction of reality: A treatise in the sociology of knowledge* ([1966] 1967) en *The sacred canopy: Elements of a sociological theory of religion* (1967) verwoord. 'n Simboliese universum is waar "*all* the sectors of the institutional order are integrated in an *all*-embracing frame of reference, which now constitutes a universe in the literal sense of the word, because *all* human experience can now be conceived of as taking place *within* it. The symbolic universe I conceived of as the matrix of *all* socially objectivated and subjectively real meanings; the entire historic society and the entire biography of the individual are seen as events taking place *within* this universe" (Berger & Luckmann 1967:96; beklemtoning oorspronklik). Met verwysing na Peter Berger se begrip "sacred canopy", maak Gary Dorrien (2001:32) die volgende opmerkings: "If order was the first need of all, the crucial function of religion was its ordering or 'nomizing' capacity. The socially constructed world was most importantly an 'ordering of experience' in which a meaningful order (or *nomos*) was imposed upon the experiences and meanings of human subjects. From a sociological standpoint, Berger reflected, the purpose of religion is to construct a sacred cosmos. Religion offers a protective canopy of transcendent legitimacy, meaning, and order the precarious constructions that society calls 'reality'. The fate of any social order is therefore inevitably bound up with the fate of religion."

susterkerk in die omgewing. En dan voeg hy ook by wat die karakter van die Hervormde Kerk is en wat hierdie appèl so dringend maak: “Ons kerk en sy karakter is ’n voortsetting van die kerk wat Van Riebeeck gestig het [sic] en wat die Voortrekkers voortgeplant het. Twee uitstaande karaktertrekke van ons Kerk is: *teenstand teen gelykstelling en geen oorheersing van vreemdes in die kerk nie*.”

Uit hierdie voorbeeld is dit duidelik dat die Hervormers hulle in die verlede in teenstelling met die Swartes en die Engelse gedefinieer het. Die een moet nooit met ons gelyk gestel word nie en die ander moet ons nie weer onderdruk nie. Hierdie negatiewe profilering wat sê wat die Hervormde Kerk nié wil wees nie, is finaal in 1951 positief geformuleer in die Kerkwet wat in Artikel lll duidelik gesê het dat, “tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort Blanke persone...”. Die huidige Kerkorde (sinodaal aanvaar in 1997) het hierdie artikel egter geskrap en ’n heelwat meer gematigde Ordereël 4 geformuleer wat sê dat, “Die Kerk is ’n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense.” Hierdie formulering durf egter nie finaal wees nie.[6] Deur te sê die Kerk *is* ’n volkskerk, maak mens ’n wesens- of synsuitspraak (’n ontologiese uitspraak) oor kerkwees en vermeng mens dus twee substansiële kategorieë, te wete die bloed van mense en die bloed van Christus. Dan word geboorte en wedergeboorte met mekaar verwar. Andries van Aarde (2006) het vanjaar met die opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) duidelik aangetoon dat die binne en die buite van die kerk, volgens Matteus 28:19 se sendingopdrag, nié langs hierdie biologiese lyne durf loop nie en dat ons baie meer inklusief oor God se heil behoort te dink. Selfs Karl Barth (1975:80-81) skryf dat God soms juis ook deur mense *buite* die kerk praat!

Maar dit beteken natuurlik nou hoegenaamd nie dat ’n kerk nié sy eie-aardigheid kan, sal en moet hê nie! Baie is al oor die *etos* van die NHKA geskryf.[7] As kerk van die Reformasie kan dit ook nie anders as dat hierdie

[6] J P Oberholzer (1999:457-458) het reeds sewe jaar gelede hom teen hierdie vermenging uitgespreek: “Eers is dit [die NHKA] gemeenskap van gelowiges en eenheid in geloof en belydenis, en dan direk daarna volkskerk met ’n ondubbelsinnige gerigtheid op die Afrikanervolk. Net so uitsonderlik as wat artikel III in die Kerkwet was, net so uitsonderlik, en eintlik nog baie meer uitsonderlik, is hierdie stuk formulering in Ordereël 4. Dat hy onhoudbaar is, is meteen duidelik, ook uit sy innerlike teensprake … Die begrip *volkskerk* is nie meer te red nie. Die wesenlike probleem is nog steeds dat in die Nederduitsch Hervormde Kerk daar weinig openheid na buite is en weinig gehoorsaamheid aan die eise van kerk wees.”

[7] Kyk onder andere Oberholzer, Deist, Loader, Beukes, Van Aarde, Koekemoer, Buitendag en Roets.

"Protestantse Beginsel" juis deur ons etos gedra en voortgedra moet word nie. Maar tog bly dit altyd voorlopig en daarom ook kontingent.

Die NHKA is klein in getal en in invloed. Vanweë verskillende redes word ons nie in die openbare oog hoog aangeslaan nie. Selfs in positiewe sake haal ons kwalik die koerant. Ons lewer nie eintlik presidente en kabinetsministers op nie. Die veranderende tye waarin ons leef, het ook merkbaar invloed op die kwantitatief meetbare gestalte van ons Kerk. Ons verminder met ongeveer 1 000 belydende lidmate per jaar en gemeentes word lankal nie meer afgestig nie, maar eerder "opgestig" en word dus minder in getal. Tog is daar geen algemene gees van pessimisme in die kerk nie. Inteendeel. Die Hervormde Kerk besef opnuut dat God ons roep en dit vra van ons solidariteit in hierdie land. Ons is byvoorbeeld aktief besig om te ontdek wat die agtervoegsel van ons kerknaam, "van Afrika", vir ons inhou (alhoewel die preposisie "in" dalk beter sou wees!). 'n Apostolêre en ekumeniese bewussyn is stellig besig om in die NHKA pos te vat. Ons is diep daarvan oortuig dat ook óns kerk in Afrika 'n instrument in die hand van God is en dat ons hierdie rol naarstigtelik moet definieer en moet uitleef.

Immanuel Kant[8] skryf in sy boek oor die plek van godsdiens dat die stelselmatige oorgang van 'n kerklike geloof na 'n suiwere geestelike geloof, die aanbreek van die koninkryk van God is. Die dae van die uiterlike strukture van die kerk as instituut is getel, sê hy in die 18e eeu al, en die koue rede dwing ons om te besef dat godsdiens slegs kan voortbestaan in die subjektiewe (en boonop *aprioriese*) oortuiging van die individu om die goeie te moet doen. Kerkwees gaan dus eventueel op in die goeie dade van die vroom gemoed. Daarom is alle tekens van die afbraak van strukture alleen maar toe te juig, sou hy kon byvoeg. Die koninkryk is hier! Godsdiens is eventueel bloot 'n manier van lewe. Daarom dat mense maklik vandag ook kan sê dat hulle wel geestelik is, maar nie (meer) godsdienstig nie. Max Weber ([1947] 1968:246-254) stem met Kant saam en meen dat kritiese denke die betowering van die gebed en die geloof aan die voorsienigheid van God ontbloot het.

Maar Weber gaan weliswaar ook verder. Byna soos die konjunkture van 'n seisoenale grafiek, gaan ook kerklike strukture inderdaad te gronde, móét dit te gronde gaan en kan hierdie proses ook nie gekeer word nie. Maar die dalende lyn loop noodwendig ook uit op 'n stygende een. Uit die ruïnes verrys altyd weer 'n nuwe instituut, ooreenkomstig die waardes en omstandighede van sy dag.[9] Die kerk as instituut is dus altyd uitgelewer aan veranderlikes. Hans Küng ([1968] 1978:4, 13) het dit dus reg as hy die

---

[8] Kyk Kant se *Gesammelte Schriften*, spesifiek Kant, I 1914. *Kant's Werke, Band 6: Die Religion innerhalb der Grenzen der bloßen Vernunft. Die Metaphysik der Sitten*.
[9] Weber verwys na die proses van "her-institusionalisering" as die "Veralltäglichung des Charisma" (kyk Lemmen 1990:137-145; Mödritzer 1994:277-284).

identiteit van die kerk nie in een of ander botydelike Platoniese idee wil sien nie, maar juis in sy veranderende historiese gestalte. Die kerk bestaan nie anders as in die geskiedenis nie.

Die kerk moet soos *water* wees – vloeiend en beweeglik, sê Pete Ward (2002) onlangs in 'n publikasie waarvan na my mening deeglik kennis geneem moet word. Hy oordeel ons moet wegbeweeg van 'n "soliede" kerk as bloot die bymekaarkom van uitverkorenes op 'n spesifieke plek en tyd. *Kerk is eerder 'n vloeibare kommunikatiewe netwerk van verhoudinge.* Dit is dinamies en veranderlik. Dit is 'n "likiede" kerk. Die Hollandse vertaling van genoemde boek noem dit sommer gewoon die "waterkerk"[10]. Lidmaatskap word ook eerder bepaal deur toegewyde deelname en Geesvervulde betrokkenheid. Die likiede kerk is met ander woorde voortdurend aan die ontwikkel, dit reageer op die Woord en die Gees, op die entoesiasme en inspirasie van die kerk se leiers en op die oortuiging en ervaring van die betrokkenes.

Waarom hou ons in hierdie dae hierdie *Nasionale Colloquium*? Letterlik beteken hierdie Latynse woord om *saam te praat*. Anders as 'n konvensie waar mense net bymekaar kóm – as ons die etimologie 'n oomblik vir betekenis mag aanwend – wil ons met ander woorde ons *lidmate* se stemme hoor en laat hoor. Hierdie *van onder af* benadering is dus uitdrukking van die oortuiging dat die Heilige Gees gewone mense met gawes en talente toerus om die kerk op te bou. Dit is erkenning van die pluralistiese samelewing van ons dag. Maar ons bly glo dat ons een in Christus is. Die NHKA is geseënd met voortreflike en toegewyde lidmate. Handelinge 2:42 verwoord iets van die oogmerk van die Colloquium wanneer daar verwys word na die "eendragtige toelê" op die leer en op die "onderlinge verbondenheid" van die gemeenskaplike maaltyd en gebede van die gelowiges. Maar laat ek die aanleidende oorsaak vir hierdie Colloquium puntsgewys probeer aanbied:

- Dit wil uitdrukking probeer gee aan die hoop wat in ons leef (1 Pet 3:15).
- Dit is 'n volgende tree in die strategiese beplanning van die Algemene Kommissie in terme van die Kommissie se geformuleerde visie en missie.

- Die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika is baie vlottend en nuwe eise staar ons in die gesig.

---

[10] Ward, P 2003. *Kerk als water. Pleidooi voor een vloeibare manier van kerk-zijn.* Kampen: Kok.

- Ons verstaan van kerkwees het aansienlik ontwikkel: kerk is 'n gebeure en eenheid moet toenemend sigbaar word.
- Die ontwaking van 'n nuwe spiritualiteit in die na-moderne tyd en die gepaardgaande kennisname van die diversiteit van die stemme van gelowiges is aan die orde van die dag.
- Kerkwees moet gebeur tot eer van God en tot heil van die wêreld. Dit wil ons na die beste van ons oortuiging en vermoë laat realiseer.

Dit bring ons dan ook by die verwagte uitkomste van hierdie Colloquium. Die Algemene Kommissie van die 67e Algemene Kerkvergadering van die NHKA plaas 'n ontsettende hoë premie op hierdie Colloquium en die verwagtings is inderdaad hoog. Hierdie is nie net maar nóg 'n vergadering in die Hervormde Kerk nie. Dit is ook nie eers 'n eerste van 'n reeks nie. Dit is uniek. Dit is Godgegewe. Dit is – en dit is ons bede – van deurslaggewende belang vir die NHKA se *identiteitsvinding* aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika. As praktiese werkwyse bied die Algemene Kommissie 'n memorandum aan wat as werksdokument van die Colloquium dien. Tydens die Colloquium word hierdie dokument deur die deelnemers self hersien. Die verwagting is dat verwerkte dokument[11] aan die einde van die Colloquium inderdaad 'n taamlik getroue weergawe van ons indaba sal wees en in 'n sekere sin dus van die NHKA se selfverstaan en roeping.

Om ons hierin te help, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA in Maart 2005 'n visie en missie aanvaar wat iets hiervan reeds verwoord. As visie is gestel: *Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.* Die weg op pad daarheen (missie) sien ons deurdat die kerk, as *gemeenskap* van gelowiges, ons geloof in Jesus Christus in woord en lied sal *vier*, aan mense *diensbaar* sal wees en van die verlossing in Christus sal *getuig*. Die gedeelde waardes wat hierdie bediening moet dra en wat ons vir hierdie doeleindes ook die *etos* van die NHKA kan noem, is dan die volgende (let op hoe *kop*, *hart* en *hande* die totale mens hier wil beskryf):

- *Nugterheid* in ons omgang met die Woord. Kritiese denke was nog altyd deel van die eie-aardigheid van die NHKA.

[11] Kyk Afdeling 2 van hierdie bydrae in *HTS*, getitel "Die identiteit en relevansie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika – 'n Memorandum".

- *Nederigheid* in ons lewe voor God. Ons is maar alte bewus van die feit dat God in die hemel is en ons op die aarde. Ons antwoorde is voorlopig en genuanseerd.
- *Menslikheid* in ons verhoudings met mekaar en ander mense. Die kerk is ten diepste altyd ’n diakonale kerk en is die sin van ons roeping geleë in ons diens aan ander.

Maar mag ons ook nou reeds ’n verdere versugting uitspreek. Dit sal goed wees as ons aan die einde van die Colloquium ’n *verklaring van voorneme* van een, of uiters twee bladsye kan daarstel wat ons gedagtes kort en kernagtig weergee.[12] ’n Verklaring wat nie alleen sê wat ons glo nie, maar ook wat ons as ons uitdagings sien en wil aanpak. Dit gaan dus inderdaad om die kontekstualisering van ons geloof. Dit moet in so ’n bruikbare formaat en verstaanbare taal aangebied word dat gemeentes dit integraal deel van hulle eie mondering sal wil maak. Ons lidmate moet dit byvoorbeeld selfs as boekmerke in hulle Bybels of Liedboeke met hulle saamdra (as ek so bietjie mag inspeel op die *shema* van Deut 6:4-9!).

In Johannes 14:12 sê Jesus dat wie in Hom glo, “nog groter dinge” sal doen as wat Hy gedoen het. Sekerlik is dit hiperboliese spreke, maar tog ’n heerlike belofte op ons roeping. Ons sou hierdie uitspraak van Jesus eweneens ook kon interpreteer in terme van die nuwe wyn en die nuwe sakke. Inderdaad het die teologie deur die eeue heen vir ons nuwe perspektiewe vanuit die evangelie geopen en kan ons waag om te sê dat ons die Bybel tog duideliker verstaan as die mense van destyds.[13] Maar dit is ook omdat ons met nuwe oë na die Bybel kyk. So het die ekologiese krisis ons byvoorbeeld inderdaad tot ’n meer verantwoordbare verstaan van die skepping gelei. Die *nuwe sakke* gee dus wel ook smaak aan die nuwe wyn en so doen ons inderdaad “groter dinge”!

Mag die metafoor van die vloeibaarheid van die nuwe wyn in die nuwe sakke, vir ons ’n aanduiding wees van wat die likiede kerk moet wees. Kerk moet nie vir ons bloot ’n naamwoord wees nie, maar ’n *werkwoord*. Dis nie soos ys nie, maar soos *water*. Ja, soos die water van Esegiël 47 wat uit die een bron stroom tot heil van die wêreld. Dit is dalk oordrewe om nou al van ’n *kairos* (καιρός) in die NHKA te praat. So ’n oomblik van waarheid kan nooit gemanipuleer of geveins word nie. Maar tog is dit my bede dat die NHKA op die derde dag gaan opstaan en gaan uitroep, maak my soos een van u huurlinge ....! Pinkster is op hande.

---

[12] Kyk Afdeling 3 van hierdie bydrae in HTS, getitel “Gesamentlike Verklaring van Voorneme”.

[13] ’n Opmerking wat Barth aan Thurneysen gemaak het (kyk Webster 2005).

# 2. DIE IDENTITEIT EN RELEVANSIE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA AAN DIE BEGIN VAN DIE 21E EEU IN SUID-AFRIKA – ’N MEMORANDUM

## 2.1 INLEIDING

Die doel van die memorandum is om gehoor te gee aan die Bybelse eis dat ons altyd gereed moet wees om ’n antwoord te gee aan elkeen wat ’n verduideliking van ons as gelowiges vra oor die hoop wat in ons lewe (1 Pet 3:15). ’n Kerk bestaan ook nie anders as konkreet in ’n baie bepaalde situasie nie. Elke tyd en plek vra dus pertinente antwoorde – ook van óns kerk. Ons wil hierdie uitdaging dus ook aanvaar.

Vir enige kerk is die kwessie van identiteit en relevansie in die wêreld van groot belang. Wat daarmee bedoel word is dat die kerk weliswaar ’n bepaalde identiteit hét, maar dat dit altyd ook bra ongemaklik is – die gelowige stap die tweede myl, draai die ander wang, seën waar ander vervloek .... (Matt 5:38-42). Dit is die geval omdat ons in die wêreld, maar nie van die wêreld is nie. Ons is hemelse sowel as gewoon wêreldse burgers, ja burgers van twee ryke. Daarom is lidmate van die kerk “eenders” as ander mense, maar tegelyk ook radikaal “anders”. Paulus het immers al gepraat van Christus wat vir party ’n aanstoot is en vir ander weer onsin (1 Kor 1:23). Hierdie andersheid is daar omdat die waardes van die koninkryk (heerskappy) van God absolute prioriteit in die kerk het bo enige ander wêreldse waardes, kultureel of polities. Daarom is die kerk ’n eskatologiese gemeenskap. Dit is so belangrik dat ons wat in die kerk is, voortdurend op ons hoede moet wees dat die passing met die wêreld ook nie alte glad raak nie. Die kerk se profetiese stem, die kerk se andersheid én eendersheid, durf nooit prysgegee te word nie. Maar die andersheid durf ook nooit verskoning word vir onttrekking en onbetrokkenheid nie. Dan raak die passing weer alte haaks en versaak ons eweneens ons roeping in hierdie wêreld. Die kerk is dus nou eenmaal, by wyse van spreke, ’n vierkantige pen in ’n ronde gat! Die oomblik as dít opgegee word, is ons nie meer kerk nie. En juis daarom is die kerk voortdurend in ’n krisis. En elke kerk en elke gemeente moet hierdie spanning ook deurgaans aan eie lyf beleef. Trouens, die kerk moet juis uitmaak hoe hierdie andersoortigheid, te midde van die kerk se eiesoortigheid, in konkrete konteks gestalte gaan kry of nie.

Die grond en sin van ons bestaan is alleen Christus. Die NHKA wil altyd kerk van die Woord wees. Op grond van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees, bely ons ons geloof in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons bely voorts dat die Skrif die enigste bron en norm vir en van die kerklike verkondiging en diens is. Die NHKA sien sigself pertinent, ooreenkomstig die kerk se belydenis, as 'n gestalte van die een, heilige (Godgewyde), apostoliese (gestuurde) en katolieke (algemene) kerk. Die kortste definisie wat ons van die kerk kan gee is, soos Ordereël 1 van die NHKA se Kerkorde ook lui, dat die kerk 'n "gemeenskap van gelowiges" is. Ons erken die individu, maar plaas hom of haar tegelyk ook binne die groter raamwerk van die geloofsgemeenskap en oordeel dat kerk die enkeling prinsipieel voorafgaan, en nie andersom nie (HK 54). Kerk is 'n gebeure en daarom 'n dinamiese gemeenskap wat voortdurend in terme van taal en kultuur tot uitdrukking gebring word. Dit geskied binne 'n konteks van 'n spesifieke taal, in ons geval Afrikaans, kultuur, ekonomie en politiek. Voorafgaande aspekte is veranderlik, maar die Woord van God nié. Die Woord word telkens in 'n bepaalde konteks opnuut gehoor. God praat met ons in die teenwoordige tyd, waarvan die geskiedenis nie uitgesluit is nie. Die kerk beskik daarom nie oor die heil nie, deel dit nie uit nie, maar is draer daarvan, beleef en getuig van die heil en gee telkens op 'n heel menslike wyse uitdrukking daaraan.

Die Gees van God verbind ons met die kerk van alle eeue. Die kerk leef in die tyd tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms. Christus het alreeds die menslike tyd betree, die sonde en dood oorwin en ons só deel laat kry aan God se tyd. Met die wederkoms van Christus sal God se tyd in sy volheid aanbreek. In hierdie tyd is die Gees werksaam en laat ons met 'n gespanne verwagting uitsien na dit wat voor ons lê. Alleen binne die perspektief van hoop op God se toekoms, kan die kerk en verhoudinge binne die kerk verstaan word. So word die toekoms aan die hede en die geskiedenis gebind. Dit wat God in Christus begin het, word dus in die toekoms deur Christus se wederkoms tot voltooiing gebring. Daarom moet die kerk altyd in die lig van die toekoms na al haar verhoudings hier en nou vra. Omdat Christus reeds die menslike tyd betree het en met sy dood en opstanding menslike tyd oorstyg en opgehef het, hét die kerk reeds die dimensie van die ewige lewe betree, hoewel dit met die wederkoms van Christus eers ten volle aanbreek. Deur die doop en nagmaal kry die kerk nou deel hieraan.

Ons glo dat God ook die Hervormde Kerk gebruik om God se liefde en genade in die wêreld te laat realiseer. Die evangelie beweeg ons tot geloof in Jesus Christus wat ons die opdrag gee om God se verlossing met alle mense te deel. Die verkondiging van die evangelie is vir die kerk wesensbelangrik.

Dit moet geskied deur elke gelowige individueel, sowel as met openbare getuienisse en verkondiging deur die kerk. Hierdie sendingopdrag hou ook in dat ons God se liefde sal uitleef in dade. In liefde reik ons uit na medegelowiges en ook na die wêreld. Hierdie liefdevolle uitreiking – individueel en gestruktureerd – staan bekend as die diakonaat. Diakonaat is primêr barmhartigheidsdiens wat nooit losgemaak kan word van die troos wat die evangelie van Jesus Christus bied nie. Anders as die wêreld, reik ons na ander uit, nie om daardeur geëer of bevoordeel te word nie, maar ons doen dit sodat God daardeur geprys word. In die diakonaat reik ons ook uit na hulle wat anders as ons is of dink. Die Hervormde Kerk raak bewustelik en georganiseerd saam met ander kerke, organisasies en selfs ander godsdiensgroepe, waar moontlik, betrokke by die probleme van ons tyd, byvoorbeeld armoede, VIGS, ekologiese probleme, globalisering, misdaad en ander maatskaplike probleme.

Binne die kerk van Christus bestaan daar ’n groot verskeidenheid. Hierdie verskeidenheid kom voort uit die konteks van elke individuele kerk en ook elke gemeente. God se betrokkenheid by mense is so ryk dat dit nooit volledig in een vorm uitgedruk kan word nie. Skakeringe in spiritualiteit, ervarings van God en liturgiese vorme word daarom gerespekteer binne die kontoere van die kerklike tradisie. Verskille wat daar kan wees, behoort die verskeidenheid van die kerk as één liggaam te verryk. Eie voorkeure mag dus nie tot konflik of onenigheid lei nie, maar moet saamklink soos ’n simfonie tot eer van God. Verskeidenheid van die kerk bedreig nie eenheid nie.

Die uitdaging vir die kerk vandag kan nie los verstaan word van die verleentheid van ons samelewing nie. Dit is duidelik dat die samelewing vandag baie anders daar uitsien as selfs net vyf of tien jaar gelede. Baie mense beleef dit as bevryding en vreugde, ander weer as ontnugtering en onsekerheid. Dit lei ongelukkig soms tot spanning en dikwels ook tot agterdog. Die NHKA wil die hartklop van die kerk se lidmate hoor en daarop inspeel, maar nooit so dat die evangelie op die spel geplaas word nie. Waar vyandskap en isolasie bestaan, moet die Hervormde Kerk se kritiese stem duidelik gehoor word. Waar ’n na-binne-gerigtheid opgemerk word, moet die Hervormde Kerk weer eksterne fokus en hoop bring. Juis daarom is die gemeenskaplike visie so uiters belangrik. Dit is die ster wat op die horison flikker, die krag wat ons die toekoms intrek.

Daarom het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA in Maart 2005 ’n visie en missie aanvaar wat hierdie hoop verwoord: *Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.* In gemeenskap met God en mekaar, gee ons aan hierdie roeping gestalte deur ons geloof in Jesus Christus in woord en lied te *vier*, te *getuig* van die verlossing in Christus en deur *diens* aan mense. Die waardes wat hierdie

bediening dra is *nederigheid* in ons lewe voor God, *nugterheid* in ons omgang met die Woord en *liefde en deernis* teenoor ander.

Ons onderskei tussen 'n "*belydenis*kerk" en 'n "*belydende* kerk". Die Hervormde Kerk wil belydende kerk wees. Die waarheid kan nie volledig in 'n leer vasgevat word nie. Waarheid is in die eerste instansie 'n Persoon, Jesus Christus, en styg uit bo alle menslike pogings tot formulering. Om te bely spruit voort uit die ontmoeting met die lewende God. Ons onderskei tussen *homologie* (om eksistensieel te bely) en *credo* (dit wat bely word). Met eersgenoemde wil ons sê dat belydenis 'n eksistensiële getuienis is dat jy aan God behoort. Laasgenoemde is 'n poging om aan hierdie heilservaring vorm te gee. *Credo* is dus geloof wat op leerinhoud betrekking het. Vir 'n institusionele kerk wat 'n belydende kerk wil wees, kom kerkwees egter primêr neer op 'n "lewenskwessie" en nie 'n "leerkwessie" nie. Ons leef in die teenwoordigheid van God slegs op grond van die genade. In aansluiting by belydenisvorming in die verlede word in elke nuwe konteks weer nuut bely, en die uitdrukking daarvan kan moontlik anders wees. Ons is terdeë bewus daarvan dat God groot is en ons klein. Dit maak ons beskeie wanneer ons oor God praat. Ons sien pluriformiteit en diversiteit nie as 'n bedreiging nie en oordeel dat nie almal uit een mond hoef te praat nie. Die eenheid van die kerk, en nie die verskeidenheid nie, is egter wel die goddelike eis.

Ander kerke is vir ons belangrik. Ons glo dat kerke wêreldwyd en van alle tye, inderdaad die één kerk is en dat hierdie eenheid in ekumeniese bande nougeset nagestreef behoort te word. Iets van die ekumene kry gestalte elke keer wanneer 'n kerk sigself in 'n ander kerk herken en so as lid van hierdie een kerk van Jesus Christus eien. Daarom moet ons ook na ander kerke luister en  saam met hulle leer. 'n Kerk van die Reformasie moet immers altyd reformeer. 'n Kerk wat die ekumeniese pad loop, kan nie aanhou om in die kerk se leer net die eie belydenis probeer regverdig teenoor ander konfessies nie. Gemeenskaplike studie en samewerking met ander kerke is daarom noodsaaklik.

Die grond van die ekumeniese beweging lê in die gebed van Christus (Joh 17:21), "... sodat hulle almal een mag wees". Die Bybelse indikatief (gawe) van hierdie eenheid is ook vir ons 'n uitgangspunt in ons verstaan van ons verhouding met ander kerke. "Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon" (Ef 4:4-6). Ons erken dat dit ook nie sonder die imperatief (eis) verstaan kan word nie: kerklike eenheid is inderdaad 'n gegewe in die gemeenskaplike geloof in Christus, maar is tegelyk ook 'n opdrag om die gemeenskaplike roeping gestalte te laat kry. Die hoop wat

gelowiges en kerke met mekaar deel, bring ons dus in beweging en effektief ook bymekaar uit: “Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ’n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde” (Ef 4:15-16). In die ekumene word kerke volledig. Kerke moet daarom ook jaloers waak oor “die leer wat in die belydenis uitgedruk word”, te wete *Jesus Christus is die Here*. Hierdie eenheid is gegrond in Christus, en nie noodwendig in strukturele eenheid nie.

Die HKSA is sedert 1923 die belangrikste vennoot van die NHKA in die uitlewing van sy apostolêre opdrag. Die NHKA wil in die toekoms die HKSA in elke opsig ondersteun. Die verhouding tussen die HKSA en NHKA sien ons as simmetries. Dit beteken dat ons net so veel van die HKSA as hulle moontlik van ons, kan en wil leer. Dit is ons oortuiging dat Afrika baie aan die Christendom te bied het – onder andere liturgies, uitlewing van die Christelike gemeenskap, diakonaal, pastoraal en ook apostolêr. Ons erken dat ons veel van hierdie kerk ontvang het en sien ook met verwagting uit na wat ons in die toekoms kan ontvang.

Die kerk is daar waar elke gemeente vanweë die Woord en Heilige Gees leef en werk. Daarom is elke gemeente verantwoordelik om binne die eie situasie die kerk se roeping uit te leef. Omdat Christus die verhouding tussen God en ons en tussen mense onderling kom heelmaak (versoen) het, moet liefde en eensgesindheid tussen gelowiges in die gemeente lewend wees. Vanuit hierdie liefde en eensgesindheid reik die gemeente en individuele lidmate – op eie inisiatief en in samewerking met ander kerke en organisasies – na die nood van die gemeenskap uit. Hierdie eenheid in Christus leef ons ook saam met ander gemeentes van ons kerk, die HKSA en ander kerke uit. Dit kan onder andere gebeur deur geleenthede te reël vir gesamentlike aanbidding en gemeenskaplike projekte van hoop.

In die lig van die Woord, is dit noodsaaklik dat die NHKA en die HKSA nader aan mekaar beweeg. Die eenheid in Christus, in geloof en belydenis asook ons historiese verbondenheid laat ons geen ander keuse nie. Ons besef dat die eenheid tussen die NHKA en die HKSA nie altyd in ons optrede sigbaar geword het nie. Die eenheid tussen die twee kerke moet daadwerklik gestalte vind in die samewerking op sinodale vlak en tussen gemeentes op plaaslike vlak. In hierdie samewerking word gestreef na ’n simmetriese verhouding, waar met respek en eerbied na mekaar geluister word, wedersyds by mekaar geleer word en geput word uit mekaar se geloof, hoop en liefde. Ons is van oortuiging dat die eenheid tussen die NHKA en die HKSA so gou as moontlik kerkordelik gestalte moet kry. In die proses word

rekening gehou met eenheid en verskeidenheid, sonder prysgawe van die identiteit van die HKSA of die NHKA**.**

In alles erken ons steeds ons gebrokenheid en sonde. Die kerk bestaan uit mense. Alhoewel hierdie mense ’n gemeenskap van gelowiges vorm, is hulle tegelykertyd ook ’n gemeenskap van sondaars. Dit beteken nie dat die kerk uit die twee groepe, sondaars én gelowiges, bestaan nie. Elke gelowige is “sondaar én geregverdigde”. Die stryd tussen goed en kwaad is in my eie hart. Natuurlik kan die kerk nie met hierdie gegewe volstaan nie. Om kerk te wees beteken voortdurende berou en bekering, maar ook om te deel in die oorwinning van Christus. Dit maak kerk ’n begenadigde gemeenskap wat op weg is. Daarom bid die kerk in afhanklikheid van God: *Kyrie eleison (Heer, wees ons genadig)*, maar terselfdertyd ook, *Maranata (O Here, kom)*!

## 3. GESAMENTLIKE VERKLARING VAN VOORNEME

### 3.1 Roeping

Die inhoud van ons roeping as kerk kom van God en bepaal ons identiteit. Ons glo dat God ons, as die liggaam van Christus, geroep het om in die wêreld en vir die wêreld, die evangelie van Jesus Christus te verkondig. In ’n veranderende wêreld is dit noodsaaklik om voortdurend te besin of ons nog leef en doen wat God wil.

### 3.2 Kerk

Wat ons uniek in die wêreld maak, is dat ons identiteit bepaal word deur die waardes van God se Koninkryk en nie dié van die wêreld nie. Hoewel ’n andersoortige gemeenskap, kry die kerk gestalte in die konteks van eie tradisie, kultuur en taal. Hierdie roeping moet ons teenoor alle mense uitleef en die term “volkskerk” kan ons hierin beperk. God se betrokkenheid by mense is só ryk dat dit nie volledig in een vorm uitgedruk kan word nie. Die kerk van Christus is veelkleurig, soos weerspieël word deur die verskeidenheid wat aangetref word onder kerke, gemeentes en gelowiges. Wisselende skakerings van spiritualiteit, ervarings van God en liturgiese vorme word daarom gerespekteer binne die kontoere van die kerklike tradisie en is verrykend. Ons sien pluriformiteit en diversiteit nie as ’n bedreiging nie en oordeel nie dat almal uit een mond hoef te praat nie. Anders as verskeidenheid, is die eenheid van die kerk egter wel die evangeliese eis. Eie voorkeure mag nie tot konflik of onenigheid lei nie, maar moet saamklink soos ’n simfonie tot eer van God.

### 3.3 Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (HKSA)

Die verhouding tussen die NHKA en die HKSA weerspieël iets van die veelkleurigheid van die kerk van Christus. Wisselwerking met ander kerke maak ons juis meer bewus van ons eie identiteit. Die Woord van God, die eenheid in Christus, ons belydenis en ons historiese verbondenheid dring die NHKA en die HKSA om nader aan mekaar te beweeg. Ons besef dat hierdie eenheid nie altyd in ons wedersydse optrede blyk nie. Ons is van oortuiging dat die eenheid tussen die NHKA en die HKSA kerkordelik gestalte moet kry deur ’n proses wat rekening hou met die eie identiteit van die onderskeie geloofsgemeenskappe. Die eenheid behoort ook daadwerklik sigbaar te word in die samewerking tussen gemeentes op plaaslike vlak en op sinodale vlak. In hierdie samewerking word gestreef na ’n simmetriese verhouding waarin mense met respek en eerbied na mekaar luister, en wedersyds leer en put uit mekaar se geloof, hoop en liefde.

### 3.4 Ekumene

Dit is vir ons belangrik om aktief deel te neem aan die ekumene. Ons behoort aktief daarna te streef om tot op gemeentelike vlak ekumenies te leef. Só word die een, heilige, algemene Christelike kerk sigbaar en kan ons ’n verskil in die wêreld maak.

### 3.5 Wêreld

Die kerk is God se dienaar in die wêreld en kan daarom nie anders as om betrokke te wees by die nood van mense buite en binne die kerk nie. In hierdie proses vat die Hervormde Kerk hande met ander kerke en organisasies. Ons bid dat God ons sal help om nie mee te doen aan die verwonding van mense nie en dat God ons oë sal oopmaak om hulle nood raak te sien en te verlig. Wanneer die kerk ’n verskil maak, word dit beleef as ’n teken van hoop.

### 3.6 Belydenis

Om te bely spruit voort uit die ontmoeting met die lewende God. Ons onderskei tussen *homologie* (om eksistensieel te bely) en *credo* (dit wat bely word). Met eersgenoemde wil ons sê dat ’n mense se hele bestaan ’n getuienis is dat jy aan God behoort. Laasgenoemde, is ’n poging om aan hierdie heilservaring in leerinhoude, soos belydenisskrifte, vorm te gee. Ons onderskei tussen ’n “*belydenis*kerk” en ’n “*belydende* kerk”. Die Hervormde Kerk wil belydende kerk wees omdat ons glo dat die waarheid nie volledig in

’n leer vasgevat kan word nie. Waarheid is in die eerste instansie ’n Persoon en oorstyg alle menslike pogings tot formulering. Vir ’n institusionele kerk wat ’n belydende kerk wil wees, kom kerkwees primêr neer op ’n “lewenskwessie” en nie ’n “leerkwessie” nie. Ons leef in God se teenwoordigheid alleen op grond van die genade. In aansluiting by belydenisvorming in die verlede, word in elke nuwe konteks weer opnuut bely, wat beteken dat die uitdrukking van ons belydenis vandag moontlik anders kan wees as in die verlede. Ons is terdeë bewus daarvan dat God groot is en ons klein. Dit maak ons beskeie wanneer ons oor God praat.

### 3.7 Toekoms

Ons bely dat God die kerk roep om Jesus Christus as hoop vir die wêreld aan alle mense te verkondig. Die gemeenskap met die Heilige Gees skep die ruimte vir gemeenskap met God en mekaar. Ons wil ons geloof in woord en lied *vier*, *getuig* van die verlossing in Christus en alle mense *dien.* Die waardes wat ons in hierdie bediening nastreef en uitleef is *nugterheid* in ons omgang met die Woord, *nederigheid* in ons lewe voor God en *liefde en deernis* teenoor ander. Ons onvermoë om hierdie roeping te laat realiseer herinner ons daaraan dat al is ons kerk van God, is ons steeds gebroke mense. Daarom wil ons as kerk voortdurend ons skuld voor God bely en ons in afhanklikheid tot God bekeer.

### Literatuurverwysings


Barth, K 1975. *Church dogmatics I/1*, ed by G W Bromiley & T G Torrance. 2nd ed. Edinburgh: T&T Clark.

Bartmann, J F T 1985. *Herdenking van die vyftigste bestaansjaar van die Gemeente Sabie, 1935-1985.* Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Berger, P 1967. *The sacred canopy: Elements of a sociological theory of religion*. Garden City, NY: Doubleday.

Berger, P L & Luckmann, T [1966] 1967. *The social construction of reality: A treatise in the sociology of knowledge*. New York: Anchor Books.

Brümmer V G 2005. *Ultiem geluk.* Kampen: Kok.

Bultmann, R 1964. New Testament and mythology, in Bartsch, H W (ed), *Kerygma and myth*. 2nd edition. London: SPCK.

Conzelmann, H 1968. *Grundriß der Theologie des Neuen Testaments*. 2. Auflage. München: Kaiser.

Conzelmann, H & Lindemann, A 1980. *Arbeitsbuch zum Neuen Testament*. 5. Auflage. Tübingen: Mohr. (UTB 52.)

Dorrien, G 2001. Berger: Theology and sociology, in Woodhead, L (ed) (with P Heelas & D Martin), *Peter Berger and the study of religion*, 26-39. London: Routledge.

Jaroslav, J P, Hilton C O & Helmut T. Lehmann, H T (eds), [1974] 1999. Luther's works, Ps 32:2, in *Luther's works, Vol 10. First lectures on the Psalms I: Psalms 1-75*. Saint Louis, CT: Concordia Publishing House.
Kant, I 1914. *Kant’s Werke, Band 6: Die Religion innerhalb der Grenzen der bloßen Vernunft. Die Metaphysik der Sitten*. Berlin: Reimer.
Küng H [1968] 1978. *The church.* London: Search Press.
Lemmen, M M W 1990. *Max Weber’s sociology of religion: Its method and content in the light of the concept of rationality*. Hilversum: Uitgeveriij Gooi en Sticht.
Longenecker, R N 1999. *New wine into fresh wineskins: Contextualizing the early Christian confessions.* Massachusetts, MA: Hendrickson.
Malina, B J & Rohrbaugh, R L 2003. *Social-Science Commentary on the Synoptic Gospels.* Minneapolis, MN: Fortress.
McFague, S [1975] 2002. *Speaking in parables. A study in metaphor and theology.* London: SCM.
Moltmann, J 1994. *Jesus Christ for today’s world.* Minneapolis, MN: Fortress.
Mödritzer, H 1994. *Stigma und Charisma im Neuen Testament und seiner Umwelt: Zur Soziologie des Urchristentums*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Novum Testamentum et Orbis Antiquus 28.)
Oberholzer, J P 1999. Terug op die pad, in Van Wyk, D J C sr (red), *20ste eeu Hervormde teologie*, 449-461. Pretoria. Sentik Uitgewers.
Pelser, G M M 1997. Die verhouding verkondiging en belydenis by Paulus. *HTS* 53(4), 1228-1249.
Pelser, G M M 1999. Die vraag na die noodsaaklikheid van ’n eietydse belydenis: Nuwe-Testamenties en hermeneuties beoordeel. *HTS* 55(2&3), 417-436.
Ricoeur, P 1976. Metaphor and symbol, tr by D Pellauer, in *Interpretation theory:Discourse and the surplus of meaning*, 45-69. Fort Worth, TX: The Texas Christian University Press.
Schweizer, E 1976. *The Good News according to Matthew.* London: SPCK.
Tillich, P 1987. *The essential Tillich: An anthology of the writings of Paul Tillich*, ed by F Forrester Church. Chicago, IL: University of Chicago Press.
Van Aarde, A G 2006. Hoe om in te kom en hoe om binne te bly – die “groot sendingopdrag” aan die kerk vandag volgens Matteus 28:16-20. *HTS* 62(1), 103-122.
Ward, P 2002. *Liquid church: A bold vision of how to be God’s people in worship and mission – a flexible, fluid way of being church*. Peabody, MA: Hendrickson.
Weber, M [1947] 1968. *Max Weber: On charisma and institution building. Selected papers*, edited by S N Eisenstadt. Chicago, IL: University of Chicago Press.
Webster, J 2005. *Barth’s earlier theology*. London: T&T Clark.